

Susan Purchase*

Ek sit by 'n tafel omring deur glimlaggende kinders. Ons is langs 'n groot glasvenster en ek kan die speelgrond buite sien. Die jonger kinders gil terwyl hulle in die sonskyn speel, mekaar jaag en oor 'n houtklimraam klouter. Die ouer kinders is by my. Hul skooldag is verby en ons speel Jenga. Daar is die gewone senuweeagtigheid by elke kind soos wat hul beurt nader kom, en dan die gejubel oor die suksesvolle onttrekking van 'n houtblok. Gewone speletjies, gewone kinders, 'n gewone dag.

Behalwe dat hierdie nie gewone kinders is nie. Elkeen van hierdie kinders het multimiddelweerstandige tuberkulose, 'n siekte wat hulle weet hulle van die res van hul lewe kan beroof.

Ek gesels met hulle om hul verwagtings, hul vrese, hul perspektiewe te verstaan. Die meeste van hulle is skaam. Hulle sê vir my hul name, maar sukkel om oor hul gedagtes of ervarings te praat. Maar een meisietjie is meer spraaksamig.

Caitlyn* vertel vir my toe sy siek geword het, was haar hele lyf seer, haar lakens was natgesweet en sy nie kon hardloop of speel nie. Sy vertel my van die toetse wat hulle gedoen het; hoe hulle haar arm geprik en haar soutwater laat inasem het sodat sy slym kon ophoes. Uiteindelik het haar ma vir haar gesê sy het "die groot TB". Sy vertel vir my hoe bang sy was toe sy in die TB-hospitaal opgeneem is en hoe sy gedurende daardie eerste lang, eensame nag gehuil het.

Ek hoor ook van die 12 pille wat sy elke dag moet sluk en dat haar trane en urine helderoranje gekleur is! Sy sê sy is bang vir "hierdie ander tablet", want sy weet dit kan haar vel donker maak – wat haar vriende vir haar sal laat lag. Sy mis regtig haar gunsteling-kos. Die hospitaalskool is "soms lekker", maar sy wens sy kon haar gr. 5-toetse skryf sodat sy nie die jaar hoef te herhaal nie. Sy voel hartseer as sy daaraan dink dat haar vriende sonder haar na gr. 6 sal gaan.

Nadat ek Caitlyn se hospitaalbed besoek het en aan haar vyf sagte speelgoed voorgestel is, groet ek en gaan terug kantoor toe met 'n seer hart oor hierdie kinders wat siek en ver van die huis af is. Maar dan herinner ek myself daaraan dat hulle eintlik die gelukkigies is. Hierdie is die kinders wie se TB gediagnoseer is en wat medikasie neem. Sowat 600 kinders sterf elke dag aan hierdie voorkombare siekte. Van die kinders wat sterf, het 95% nie toegang tot enige vorm van sorg gekry nie.

Op Nasionale Kinderdag, wat jaarliks op die eerste Saterdag in November (vanjaar op 2 November) gevier word, moet ons onself herinner aan die talle uitdagings wat deur kinders met TB in Suid-Afrika in die gesig gestaar word. 'n Diagnose word dikwels vertraag, omdat kinders baie min TB-kieme het en nie tipiese siektepatrone ontwikkel nie. Hulle het ook onvolwasse immuunstelsels en kry dikwels ernstige vorme van die siekte, soos TB van die breinvlies (TB-meningitis). Voorts word TB deur wanvoeding veroorsaak, maar dié siekte veroorsaak ook wanvoeding, veral by jong kinders.

Die behandeling van TB is lank en kompleks, veral as die TB-kiem soos die een is wat Caitlyn het en weerstand ontwikkel het teen die antibiotika wat algemeen gebruik word. Daar is baie min kindervriendelike TB-behandelingsformulerings, wat beteken dat versorgers dikwels baie bitter pille moet fyn druk en vir baie jong kinders moet gee. Daar kleef steeds 'n stigma aan TB en kinders met TB word aan boelies en isolasie blootgestel. Die siekte raak nie individue nie, maar huishoudings, en kinders kry gewoonlik TB van iemand saam met wie hulle woon. TB veroorsaak noodwendig ekonomiese ontbering vir die hele huishouding, veral wanneer broodwinners nie meer kan werk nie en die koste van toegang tot behandeling rampspoedig is.

Toe ek by my kantoor aankom, beweeg 'n wolk voor die son in en veroorsaak 'n somber skaduwee. As ek aan TB dink, dink ek aan skaduwees. Skaduwees in die longvelde op 'n X-straal van 'n borskas. Donker skaduwees onder die oë in 'n liggaam wat van binne verteer word. Pasiënte wat in die skaduwees wegkruip, verleë oor hul "vuil siekte". Die lang skaduwees wat TB deur die geskiedenis gegooi het terwyl dit gesinne en hele generasies vernietig het. Moderne gesinne in die duisternis van wanhoop nadat TB ekonomiese verwoesting én sosiale isolasie veroorsaak het. En natuurlik die kinders, kwesbaar, afhanklik, wat in die skaduwee van 'n ongewenste en ongenooide dog skrikwekkend algemene siekte leef.

Maar skaduwees is bloot die afwesigheid van lig. En daar is lig op die horison vir kinders met TB. Diagnostiese toetse verbeter en kinders word meer gereeld en baie vroeër gediagnoseer. Draagbare borskas-X-straalmasjiene, tong-deppertoetse en molekulêre toetse wat binne ure 'n resultaat kan gee was nie lank gelede nie net fantasieë, maar nou is dit hier! Farmaseutiese maatskappye en navorsers begin vroeg aan kinders dink en ontwikkel medikasie vir hulle wat beter smaak, oplosbaar is en wat hulle maklik kan sluk.

TB-behandeling is ook korter en behandeling vir middelweerstandige TB vereis nie meer lang hospitaalopnames nie; ook nie die antibiotika-inspuitings wat 'n derde van kinders doof laat word het nie. En daar is gratis medikasie vir TB-voorkoming by kinders beskikbaar, wat beteken dat volwassenes met TB 'n bietjie makliker kan asemhaal met die wete dat hulle iets kan doen om te verhinder dat hul kinders ook die siekte kry.

Die slagspreuk van die TB-navorsingsgroep waarvoor ek werk is "Elke asemteug tel". Dit is iets wat ek werklik glo. Elke asemteug wat ons neem, maak saak. Maar op een of ander manier maak die ligte, sagte asemteue van die jongstes in ons samelewing die meeste saak.

Kom ons dink aan ons kleinste TB-helde terwyl ons vanjaar Nasionale Kinderdag vier.

*Nie haar regte naam nie

****Dr Susan Purchase is 'n navorsingsklinikus by die Desmond Tutu TB-sentrum in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch***